

Quo vadis, Maties?

By Maties loop transformasie en uitnemendheid hand aan hand, skryf Wim de Villiers.

Universiteite is komplekse instellings met verskeie belangegroepes, elk met hul eie verwagtinge. Dit is dus nie vreemd dat daar uiteenlopende persepsies oor Maties bestaan nie. Daar is egter 'n verskil tussen persepsie en werklikheid.

So, byvoorbeeld, word die Universiteit Stellenbosch (US) ener syds van “politieke gediensigheid” en “ondermyning van die Afrikaanse taal en kultuur” beskuldig. Andersyds word die US steeds vir 'n “apartheidsinstelling” uitgekryt wat “slegs Engels” as onderrigtaal behoort te gebruik.

Die waarheid lê, soos dikwels, êrens tussen die uiterstes. Die US is 'n toonaangewende hoëronderwysinstelling met uitstekende studentesukses, navorsingsprestasies en sosiale impak. As samelewingsbater dien Maties die gemeenskap in geheel, nie net die een of ander groep nie. Ons laat ons lei deur die beginsels en visie waarop ons as universiteitsgemeenskap ooreenkom, en hou eerder onverstoord koers as om herwaarts en derwaarts op sleeptou geneem te word.

Neem ook Maties se nuwe toelatingsbeleid, wat in Maart in werking tree om saam te val met die aanvang van studenteaansoeke vir 2018. Toe die US-raad in 2013 'n nuwe visie vir die universiteit aanvaar het, is daar met die hersiening van ons toelatingsbeleid begin. 'n Instelling kan tog nie sê hy wil meer “inklusief, innoverend en toekomstgerig” word sonder om daad by die woord te voeg nie. En die samestelling van 'n universiteit se studenteliggaam word grootliks deur sy toelatingsbeleid bepaal.

Die hersiene beleid brei die US se toelatingskriteria uit om benevens aansoekers se akademiese prestasie en rasseklassifikasie ook hul sosio-ekonomiese status in te sluit. Die hoofdoel is om die universiteit se kultuur van akademiese uitnemendheid te handhaaf deur die beste aansoekers te lok, en terselfdertyd te verseker ons studentekorps raak meer verteenwoordigend van die samelewing.

Die universiteit let ook op die vele fasette van benadeling in Suid-Afrikaanse verband. Daarom erken die US die noodsaak om plek te uit te hou vir sosio-ekonomies benadeelde studente, ongeag rasseklassifikasie, wat aan die minimum ver-



Matie-studente op 'n verwelkomingsgeleentheid van die Universiteit Stellenbosch in 2016.

Foto: LEÂNNE STANDER



By die US benader ons die uitdaging van transformasie sistemies. Met ander woorde, dit raak elke faset van die universiteit self en brei terselfdertyd ook ons impak op die buitewêreld uit.

eistes vir 'n gekose studieprogram voldoen maar nie andersins daartoe toegelaat sou word nie.

Die beleid is deeglik nagevors en daar is wyd met belanghebbendes oorleg gepleeg, insluitend met al tien ons fakulteite en elke tersaaklike steundiensafdeling, die US-senaat (forum van senior akademici) en ons institusionele forum (wat ook studente en die breë gemeenskap verteenwoordig). Die raad self het ook 'n hele buitengewone vergadering aan diepliggende bespreking van die beleid gewy.

En tog is ons weer in die spervuur tussen dié wat meen Maties “gaan darem nou te ver” en dié wat sê “dis steeds te min, te laat”. Kennelik is daar teenstrydighede tussen die verwagtinge van verskillende belangegroepes, én ook tussen hoe die US self sy identiteit en toekoms definieer, teenoor hoe belangegroepes dit sien.

Ons is egter rustig, want ons

weet die universiteit se reputasie as plek van uitnemendheid berus op die werwing en behoud van 'n diverse studentekorps omdat dié die leeromgewing verryk. Ons weet ook die langtermyn doelwit van die beleid is om by te dra tot 'n nierasige en gelyker samelewing wat nie meer ras- en klasgebaseerde regstelling sal vereis nie – dié sal transformasie op sy beste wees.

Dit is nie net die US wat wesenlike omwenteling ondergaan nie. Universiteite wêreldwyd is voortdurend aan die transformeer wat betref onderrigmodelle, kommunikasie- en informasietegnologie, studentegemeenskappe, kurrikulum- en programontwikkeling, asook omgewingsvolhoubaarheid.

By die US benader ons die uitdaging van transformasie sistemies. Met ander woorde, dit raak elke faset van die universiteit self, en brei terselfdertyd ook ons impak op die buitewêreld uit. Geen aspek van die universiteitslewe bly onaange- raak deur ons transformasie nie, en terselfdertyd help die universiteit om die samelewing te vernuwe en te verbeter. Dié is transformasie van die universiteit en transformasie deur die universiteit.

Ons beskou transformasie as 'n kombinasie van doelbewuste veranderinge aan ons institusionele kultuur om 'n meer toeganklike, inklusiewe, deelnemende en verteenwoordigende instelling te wees wat sy akademiese uitnemendheid uitbou, terwyl ons werk ook relevant en deelnemend behoort te wees.

Inklusiwiteit gaan nou saam met die verbreding van toegang vir alle studente wat aan die US wil kom

studeer. Van 2013 tot vanjaar het ons inname van bruin, swart (Afrikaan) en Indiër- (BSI-) studente van 30% tot 35% gestyg. Ons hoop dat ons nuwe beleide ten opsigte van toelating en taal dié proses verder gaan voer, want 'n verskeidenheid mense en idees verruim die denke en verryk ons uitsette as plek van kennisontdekking, -oordrag en -toepassing.

Ek het by die verwelkoming van ons nuwelingsstudente vanjaar gesê dat hulle by die regte plek is, om die volgende redes:

■ Die sukseskoers van US-studente is konsekwent rondom 84%, sowat 10% bo die gemiddelde van ander instellings.

■ Die US se retensiekoers is selfs nog beter – 17% bo die nasionale gemiddelde. Van ons nuwelinge wat in 2016 vir die eerste keer geregistreer het, is 87% reeds besig met hul tweede studiejaar.

Besluite oor onderrigtaal aan die US is ook teen die agtergrond van die bevordering van studentesukses en die verbreding van toegang geneem. Die aanvaarding van ons nuwe taalbeleid in Junie 2016 deur die universiteitsraad – met die instemming van die senaat – was 'n belangrike ontwikkeling.

Verskeie faktore dra by tot die uitsluiting van studente – onder meer akademiese prestasie, finansiële uitdagings en ook onderrigtaal. Nie al ons studente is Afrikaans goed genoeg magtig dat hulle daarin kan studeer nie. Net so is daar studente wat die nodige taalvaardighede in Engels kortkom. Vir albei dié groepe wil ons egter volledige toegang tot die US se

US-hoogtepunte in 2016:

- In Desember 2016 is 5 395 kwalifikasies toegeken, met 'n nuwe rekordgetal van 138 doktorsgrade teenoor 127 in 2015. By ons Maart-gradeplegtigheid vanjaar gaan die rekords na verwagting weer spat.
- US-akademici wat deur die Nasionale Navorsingstigting gegradeer is, het toegeneem van 306 in 2012 tot 427 in 2016.
- Die US het van 2009 tot 2016 altesaam 98 patente geregistreer, die meeste van alle universiteite in die land, selfs meer as Sasol en die WNNR.
- Filantropiese skenkings aan die US beloop R338 miljoen, wat 53% meer as die vorige jaar is. Dit sluit 'n beduidende toename in skenkings deur individue, grootliks alumni, in.

waardevolle kennisbasis gee.

Dit word bereik deur sowel Afrikaans as Engels as onderrigtaale te gebruik. Vir groot klasgroepe is daar dikwels afsonderlike lesings in Afrikaans en Engels.

Wanneer die klasgroepe kleiner is, word alle inhoud tydens lesings hoofsaaklik ten minste in Engels oorgedra, terwyl daar steeds 'n beduidende hoeveelheid beklemtoning of opsomming in Afrikaans gedoen word. Neem ook in ag dat lesings in die lesinglokaal net 'n deel van leer en onderrig uitmaak. Daar is ook ander vorme van leerfasilitering, soos tutoriale en konsultasietyd, waar Afrikaans ook gebruik kan word.

Die taalbeleid bevorder dus inklusiewe meertaligheid en die verbreding van toegang. Dié is al voor 2013 as prioriteite geïdentifiseer toe die US ná introspeksie besluit het op 'n nuwe visie.

Die nuwe taalbeleid is 'n verdere stap op ons reis van sistemiese transformasie – nie vanweë gediensigheid of as 'n refleksreaksie op studentepotes nie, maar omdat dit die regte ding is om te doen.

Uitstekende prestasie in ons kernfunksies soos in 2016 – ondanks die feit dat die jaar deur Universiteite Suid-Afrika-forum (Usaf) bestempel is as die onstuitigste en veeleisendste tydperk in die hoër onderwys ná 1994 – verhoog die waarde van ons alumni se kwalifikasies.

Dit behoort vir ons belangegroepes die belangrikste oorweging te wees.



Prof. Wim de Villiers is die rektor en visekanselier van die Universiteit Stellenbosch.